

Kruideniersware kompetisie

Bepalings en voorwaardes:

1. Die wenner van die kompetisie ontvang 'n koopbewys wat vir inkopies gebruik kan word ter waarde van R3 000 per maand, vir 6 maande.
2. Om vir die prys in aanmerking te kom, moet jy as aktiewe lid van Solidariteit jou inligting opdateer en die kontakbesonderhede van drie verwysings verskaf waarvan minstens een moet aansluit.
3. Die reëls en inligting op hierdie kompetisieblad maak deel uit van die bepalinge en voorwaardes vir deelname.
4. Deelname aan die kompetisie impliseer aanvaarding van alle bepalinge, reëls en voorwaardes.
5. Die kompetisie sal oop wees vanaf 1 Julie 2017 tot 12:00 op 10 Desember 2017.
6. Die wenner sal teen 15 Januarie 2018 aangekondig word.
7. Die prys kan nie vir kontant verruil word nie.
8. Slegs een inskrywing per Solidariteit-lid sal voldoende wees.
9. Om vir die prys in aanmerking te kom moet jy bo die ouderdom van 18 jaar wees.
10. Werknemers van Solidariteit en hul gesinslede is by hierdie kompetisie uitgesluit.
11. Solidariteit behou die reg voor om 'n onderhoud met die wenner te voer, foto's te neem en dit te publiseer. Die pryswenner sal in Soldeer, op Solidariteit se Facebook-blad, op www.solidariteit.co.za en in die Solidariteit tydskrif aangekondig en gepubliseer word.
12. Alle inskrywings word die eiendom van die Solidariteit Beweging en sal vir toekomstige promosiedoeleindes in 'n databasis vasgelê word. Deelname aan hierdie kompetisie veronderstel toestemming om deur Solidariteit gekontak te word.
13. Alle deelnemers vrywaar die Solidariteit Beweging, sowel as die borge en agentskappe wat by hierdie promosie betrokke is, van enige skade en/of koste voortspruitend uit eise wat die deelnemer mag hê of opdoen deur deelname aan die kompetisie en/of die benutting van die prys.
14. Die wenner onderneem herroeplik om 'n vrywaringsvorm te onderteken alvorens hy/sy die voordele en prys as wenner kan geniet. Indien die wenner weier om sodanige vrywaringsvorm te onderteken, verbeur hy die prys en 'n nuwe wenner sal aangewys word.

15. Indien Solidariteit nie daarin slaag om 'n pryswenner binne vyf werksdae na die finale trekking per e-pos of telefonies in die hande te kry nie, sal 'n ander wenner aangewys word.
16. Solidariteit en sy vennote is nie aanspreeklik vir enige tegniese fout wat daartoe kan lei dat 'n inskrywing nie suksesvol ingedien word nie. Solidariteit aanvaar geen verantwoordelikheid vir inskrywings wat onafgelewer is, verlore raak of vertraag word nie. Bewys van stuur is nie bewys van ontvangs nie. 'n Inskrywer moet self ontvangs van sy/haar inskrywing bevestig.



www.solidariteit.co.za

T: 012 644 4300 | C: 0861 25 24 23 | P: Posbus 11760, Centurion, 0046
H.v D.F Malan- en Eendrachtstraat, Kloofsig, Centurion